
**AFRIKAANS HUISTAAL: WEEK 3**

**GRAAD 4 – Mev. E. van der Westhuizen**



**NOTA AAN LEERDERS:**

- Hallo julle! Kan julle glo … 2 weke van skoolwerk by die huis is al verby! Ek hoop julle verstaan al die werkies wat julle gedoen het! As julle onseker is, moenie bekommerd wees nie, ons gaan ALLES weer hersien sodra ons weer skool toe mag gaan.
- Onthou om al jou voltooide werk netjies bymekaar te hou (in 'n leêr/"flip file"/sakkie).
- Ek het 'n baie oulike tannie/juffrou op Google Classroom ontmoet wat met maatjies regoor Suid-Afrika werk, nie net in Afrikaans nie, maar ook in verskillende vakke EN grade!
- Ek glo jy (of die meeste van julle) het al ingeskakel op Google Classroom. Hierdie is egter NIE verpligtend nie, dit is maar net vir interessantheid, inskerping, intervensie en vir speel! Daar is BAIE oulike toetsies wat die werk sommer onmiddellik merk en terugvoer gee! So, jy kan net lekker hierop speel!
- Die kode om by hierdie klassies op Google Classroom aan te sluit is **plctu3c**. Skakel gerus in en GENIET dit net!
- Moet egter asseblief nie werkies doen wat ons nog nie behandel het nie, bly net by wat ons reeds gedoen het of wat vir jou bekend is.
- Hier volg Week 3 se werk! Moed hou! Bly by die huis en bly veilig!
- Lekker werk! Lekker speel! Mis julle!

*********************

| DAG | TEMA | WEEK | AFDELING | OPDRAG en AKTWITEIT | |
|---|---|---|---|---|---|
| 11 | 7 – Natuurlik | 3 | **Luister** en **kyk**.<br>FLIEKDAG!<br><br>Sit agteroor, konsentreer, onthou wat jy sien en hoor en GENIET!! | **Luister** en **kyk** na die volgende skakels wat ek vir julle gegee het. Dit sal baie help om die Taal wat ons *reeds* behandel het, te verstaan, in te skerp en ook vir intervensie.<br>Hierdie video's is nie verpligtend nie, so as data/WIFI 'n probleem is, moenie bekommerd wees nie. | Skakel in op die volgende:<br>**b/d verwarring**: Gaan in op YouTube en soek vir "Juffrou Marietjie" of tik net in die "search"-blokkie https://youtu.be/dPqKZHONxAU<br>**f-woorde:** https://youtu.be/IYdn1Gst4d0<br>**Kwartaal 1 & 2 hersiening:** https://youtu.be/0M08Iw00Ss<br>**Lettergrepe:** https://youtu.be/3wfF5JgLaQY<br>**Enkelvoudige sin, Selfstandige naamwoord, Byvoeglike naamwoorde, Bywoord** https://youtu.be/x5MC3QML47E<br>**Saamgestelde sin:** https://youtu.be/xk3b8ThTHp0<br>**Homonieme/Homofone:** https://youtu.be/5LT1rm-nrPc |


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 7 – Natuurlik | 3 | | | **Voegwoorde:** https://youtu.be/8x6Hz2ff8tE<br>**Voorsetsels:** https://youtu.be/e8d6zILLqSg<br>**Telwoorde:** https://youtu.be/YsPHGLHz_lg |
| 12 | | | Lees en kyk | DBO-boek. Bl. 86, 87 | Lees die storie op bl. 86 in jou DBO-boek. Let op na die hoeveelheid paragrawe by die begin, middel en einde van die storie. Beantwoord al die vrae in jou DBO-boek op bl. 87. Moenie die rolspel doen nie. |
| 13 | | | Skryf ‘n storie | DBO-boek. Bl. 90, 91 | Skryf ‘n storie in jou DBO-boek bl. 90, 91. Onthou om uitgebreide sinne te skryf deur gebruik te maak van byvoeglike naamwoorde (beskryf die selfstandige naamwoord) en bywoorde (beskryf die werkwoord). |
| 14 | | | Taalfokus 1: Uitroep- en vraagteken<br>Tref met taal | **Lees** Taalfokus: Uitroepteken bl. 62.<br>**Leer** tref met taal (idiome) bl. 63 | Beantwoord Taalfokus 1 nr. 1 bl. 62. Skryf die paragraaf oor op jou papier en onderstreep jou antwoorde in kleur. Doen nr. 2 onder nr. 1 op jou papier.<br>Leer die idiome onderaan bl. 63. |
| 15 | | | Taalleer | **Lees** Taalfokus 3: Onderwerp, voorwerp, gesegde bl.68<br>Taal in konteks bl. 65 | Beantwoord die vrae by<br>1. Taal in konteks op bl. 65 nr. 1, 2<br>2. Afkappingsteken bl. 67 nr. 6 |
| *Besigbly-aktiwiteite (nie verpligtend):* Google classroom soos bo in die nota verduidelik.<br>Onthou om jou toespraak (week 2) te leer! | | | | | |

# MEMORANDUM

**<u>Week 2 se Besigbly-aktiwiteit</u>:**

**<u>DBO-boek: bl. 75, 76, 77, 85</u>**

Bl. 75



Onthou dat jy soms die woordorde van die tweede sin sal moet verander.

Verbind die sinne deur die voegwoord tussen hakies te gebruik.

Trek 'n jas aan. Dit is koud. (want)

Trek 'n jas aan, want dit is koud.


Ek neem my sambreel. Dit lyk asof dit wil reën. (omdat)

Ek neem my sambreel omdat dit lyk asof dit wil reën.

Die weervoorspelling word aangebied. Die nuus word gelees. (nadat)

Die weervoorspelling word aangebied nadat die nuus gelees word.

Bl. 76



Die weer word om agtuur gelees.

Die nuus word voor die weervoorspelling gelees.

Ons kyk na die weervoorspelling op die televisie.

Ons luister na die weervoorspelling op die radio.

**Hooftelwoorde** is woo[...] getal uitdruk, bv. "Daar [...] spelers."

**Rangtelwoorde** is woo[...] posisie uitdruk, bv. "Hy [...] **elfde** een wat opgedaa[...]

Skryf 2 sinne neer waarin jy **hooftelwoorde** gebruik.

Enige 2 sinne met byvoorbeeld "drie, vyf, twintig ens. in.

Ek het twee duiwe in die boom gesien.

Daar was vyf honde voor ons hek.

Skryf 2 sinne neer waarin jy **rangtelwoorde** gebruik. (tweede, derde ens)

Enige twee sinne.

Die blonde seun was eerste by die snoepie.

Petra het derde in die ry gestaan om 'n ysie te kry.

Bl. 77

Liewe Mandu


Gister **het** ek na 'n rugbykamp toe **ge**gaan. Ons **het** drie ure lank soontoe **ge**reis. Nadat ons uitgepak het, **sou** ons aandete eet. Later **sou** ons gaan slaap. Ons **sou** vroeg opstaan en ontbyt eet. Die afrigter **sou** ons wys hoe om ons oefeninge te doen. Ons **sou** 'n wedstryd speel en dan 'n paar dokumentêre flieks oor rugby kyk.



ONTHOU!! SAL word SOU en die res van die sin bly soos dit is, want dit is reeds in die verlede tyd gesit, jy stel dit nie twee of meer kere in die verlede tyd nie.

(kan = kon, is = was, wil = wou)

Bl. 85



(*) {ONTHOU} 'n Gogga en koning sit nie langs mekaar nie. Die koning spuit die gogga (g) met doom en die koning (k) bly oor. Dus, slegs 'n k nie 'n gk nie.

Ons skryf

Voltooi die tabel.

| Enkelvoud | Meervoud | Verkleinwoord |
| --- | --- | --- |
| duim | duime | duimpie |
| vlam | vlamme | vlammetjie |
| ring | ringe | ringetjie |
| poot | pote | pootjie |
| stoel | stoele | stoeltjie |
| boek | boeke | boekie |
| toring | torings | torinkie |

WENK Maak 'n sin bv. Ek het een ring en Piet het twee ringe.

Die baba het 'n klein duimpie

g val weg en word k (*)

'n **Saamgestelde** sin bestaan uit 2 hoofsinne en het altyd twee of meer werkwoorde. {Onthou} Werkwoorde is doenwoorde

Onthou jy nog? 'n **Enkelvoudige** sin het altyd net een werkwoord/gesegde.

Omkring die **werkwoorde** en dui aan of dit 'n **enkelvoudige** of **saamgestelde** sin is.

| Sin | Enkelvoudige (net EEN werkwoord) | Saamgestelde (2/meer werkwoorde) |
| --- | --- | --- |
| Hy speel rugby en sy doen haar huiswerk. | | ✓ |
| Omdat sy 'n doel aangeteken het, het Nuwedorpskool die wedstryd gewen. | | ✓ |
| Ek hou daarvan om tennis te speel en ek hou daarvan om te wen. | | ✓ |
| Die seuns en die dogters neem aan atletiek deel. | | ✓ |

Skryf 2 van jou eie **saamgestelde** sinne. {Enige 2 sinne met 2 of meer werkwoorde in}

1. Die hond eet sy kos en die kat slapies in die son.
2. My boetie speel in die tuin terwyl ek my huiswerk doen.

**<u>DAG 11</u>:**

Slegs video's kyk

**<u>DAG 12</u>:**

**<u>DBO-boek. bl. 86, 87</u>**

| Watter soort maat was Lulu aan die begin? | |
|---|---|
| A | Vrygewig en sorgsaam |
| (B) | Selfsugtig en gemeen |
| C | Vriendelik en onselfsugtig |
| D | Onbeleefd en wreed |

| Waar het Lulu gewoon? | |
|---|---|
| A | In 'n klein, stil dorpie |
| B | Op 'n besige straat naby die see |
| (C) | In 'n pragtige woonbuurt |
| D | In 'n hoë woonstelgebou |

| Wanneer het Lulu se maats haar besoek? | |
|---|---|
| (A) | Op 'n sonnige Saterdagmiddag |
| B | Op 'n koue Saterdagaand |
| C | Op 'n winderige Saterdagoggend |
| D | Een middag na skool |

| Hoe het Lulu se maats haar laat besef dat sy verkeerd optree? | |
|---|---|
| (A) | Hulle het haar nie laat saamspeel nie. |
| B | Hulle het haar gevra om met hulle te deel. |
| C | Hulle wou met haar speelgoed speel. |
| D | Hulle het vir haar 'n Kersgeskenk gekoop. |

Waarom was Lulu aan die begin van die storie selfsugtig?

Lulu het nie aan die begin gedeel nie, want sy was gewoond daaraan om alles te kry wat haar hart begeer en sy het niks van iemand anders gekort nie.

Hoe het Lulu se maats oor haar selfsugtigheid gevoel?

Hulle was ongelukkig en wou haar 'n les leer.

**<u>DAG 13</u>:**

Skryf 'n storie in jou DBO-boek bl. 90, 91. Wees kreatief en maak gebruik van byvoeglike naamwoorde en bywoorde.

**<u>DAG 14</u>:**

1.

erk met woorde

alfokus 1: Leestekens: Die uitroepteken

Maak nie saak hoe groot of hoe klein nie, alle diere moet kos soek. Hulle moet ook keer dat hulle geëet word! Daar is geen dier wat sonder gevaar leef nie. Is die mens nie die natuur en diere se grootste vyand nie?

2. **Alfabeties**: deins, kiertsregop, kiewietjie, manmoedig, sprei

**Betekenisse**:

*deins*: Agteruitwyk. Die seun *deins* terug om die bal te mis.

*manmoedig*: Dapper. Die soldaat is manmoedig nadat hy sy vriend in die oorlog gered het.

*kiertsregop*: Baie regop. Piet sit *kiertsregop* op sy bed nadat hy van sy droom wakker geskrik het.

*sprei*: Uitgestrek, ontvou. Die voël sprei sy vlerke, want hy wil vlieg.

*kiewietjie*: Vaalbruin en wit vlaktevoël. Die *kiewietjie* hardloop in die veld, want hy soek na sy ma.

Leer idiome op bl. 63, Tref met taal

**DAG 15:**

**Taal in konteks op bl. 65 nr. 1, 2**

| 1. Onderwerp | Gesegde | Voorwerp |
|---|---|---|
| a) Ek | voel | (nie) die klippe (nie) |
| b) My broer | los | my arm |
| c) My ma | het ingepak | 'n stukkie wors |

2.
- a) ma's, ma'tjie
- b) foto's, foto'tjie
- c) klowe, klofie
- d) oë, ogie

**Afkappingsteken bl. 67 nr. 6**

foto's, foto'tjie, pa's, g's, skadu's, bikini's, s'n, radio's, radio'tjie, hy's, daar's, skadu'tjie, eggo's



***Besigbly-aktiwiteit***:

Google classroom soos bo in die nota verduidelik.

Onthou om jou toespraak te leer!